**Hersieningsoefening (hoofstuk 9)**

Gebruik die onderstaande teks om die taalvrae te beantwoord:

***Geld wat stom is, maak toe nie reg wat krom is …***

*Hy het nie in arm omstandighede groot geword nie, maar vandat hy kan onthou, wou hy ryk wees! Om baie geld te hê, was vir hom belangriker as enige iets anders in die lewe.*

*Na skool het hy op sy ouers se aandrang gaan studeer, maar het baie gou sy studies gestaak om te begin werk – hy wou geld maak en kon nie wag tot hy eendag kwalifikasies het nie. Hy het van een werk na die volgende gegaan en eindelik die kersie op die koek gekry – aandele in ’n besigheid! Later kon hy selfs sy eie drie besighede bekostig.*

*Hy het met ’n mooi vrou getrou en drie pragtige kinders gehad, maar steeds het dit gevoel of iets hom jaag ... of hy meer en meer uit die lewe soek – en dít het hy gedink, sal geld hom kan bied. Nadat hy al die mooiste karre, die grootste huise en duurste horlosies en klere gekoop het, op die luuksste oorsese reise en vakansies gegaan het, het hy eendag besef dat geld toe nie geluk koop nie ...*

*Daar waar warmte en liefde en geluk moes wees, was net ’n stewige bankbalans. Dit was tyd om sy lewe om te swaai – na dit wat werklik belangrik is! Geld en rykdom is leeg en kan nie geluk koop nie en hy moes dit na soveel jare uitvind – gelukkig nie te laat nie!*

1. Skryf sinonieme vir die volgende woorde neer. Onthou dat dit in die konteks van die sinne moet pas:
1.1 studeer
1.2 gestaak
1.3 mooi
1.4 stewige (4)

2. Skryf antonieme vir die volgende woorde neer:
2.1 arm
2.2 baie
2.3 duurste (3)

3. Verklaar die uitdrukking: die kersie op die koek. (1)

4. Die woord *eindelik* word in paragraaf 2 gebruik. Hierdie woord word dikwels verwar met *eintlik.* Dui die verskil in betekenis aan deur jou eie twee sinne met dié twee woorde te maak sodat die betekenisverskil duidelik is. (2)

5. Verbind die volgende twee sinne deur die voegwoord tussen hakieste gebruik: Hy het geld en aardse dinge bymekaar gemaak. Hy moes eintlik fokus op liefde en geluk. (terwyl). (2)

6. Verduidelik waarom *karre* met ’n dubbel-*r* gespel word. (2)

7. Waarom word *luuksste* met ’n dubbel-*s* gespel? (1) [15]

**Hersieningsoefening (hoofstuk 9)**
**Memorandum**

1. Skryf sinonieme vir die volgende woorde neer. Onthou dat dit in die konteks van die sinne moet pas:
1.1 studeer - *leer*
1.2 gestaak - *gestop*
1.3 mooi - *pragtige*
1.4 stewige - *goeie* (4)

2. Skryf antonieme vir die volgende woorde neer:
2.1 arm - *ryk*
2.2 baie - *min*
2.3 duurste - *goedkoopste* (3)

3. Verklaar die uitdrukking: die kersie op die koek. (1)
*Die beste beloning.*

4. Die woord *eindelik* word in paragraaf 2 gebruik. Hierdie woord word dikwels verwar met *eintlik.* Dui die verskil in betekenis aan deur jou eie twee sinne met dié twee woorde te maak sodat die betekenisverskil duidelik is. (2)
*Hy het eindelik die eksamen geslaag.*
*Hy is eintlik die skuldige persoon.*

5. Verbind die volgende twee sinne deur die voegwoord tussen hakieste gebruik: Hy het geld en aardse dinge bymekaar gemaak. Hy moes eintlik fokus op liefde en geluk. (terwyl). (2)
*Hy het geld en aardse dinge bymekaar gemaak terwyl hy eintlik op liefde en geluk moes fokus.*

6. Verduidelik waarom *karre* met ’n dubbel-*r* gespel word. (2)
*Die r volg na ’n kort beklemtoonde vokaal, a.*

7. Waarom word *luuksste* met ’n dubbel-*s* gespel? (1)
*“Luuks” eindig op ’n -s, en in die oortreffende trap word -ste bygevoeg*

[15]